

**24.5.2019**

# CityKidz Kletsblad

## Kletsbladspan



Links na Regs: Ankonisaho Netshonglwe, Joy Okwonkwo, Ayanda Masina, Thamsanqa Ndlovu en Remofilwe Leepile

### Ons Flink-Dink woorde!!


padda (frog) hond (dog) kat(cat)

donkie (donkey) perd (horse)

vis (fish) muis (mouse) vark (pig)

### Sponsbrein!!

Wie is die blanke kletsrymer wat as 'n kwaito sanger begin het?






Volg ons op

# Graad 3D – Hoe lyk ek?
## Uit die pen van Juffrou Marcherie Strydom…



Ek kuier die week in die Graad 3D klas saam met juffrou King. Haar les gaan oor hoe ek lyk. Die kinders is baie opgewonde om hierdie splinternuwe konsep aan te leer.  Ek sien net glimlaggies op hulle gesigte soos hulle, hulself in hulle werkboek teken.


Die konsep van hoe ek lyk, maak leerders bewus van hoe hul lyk en watter liggaamsdele hulle het.  Soos hulle, hulself teken, sê hulle die verskillende liggaamsdele hardop. Die juffrou het hulle ook gevra om te wys waar hulle lees, sodat sy kon sien dat hulle die konsep verstaan.

Hierdie konsepte in baie belangrik vir ons leerders en ‘n bonus is, dat hulle dit in AFRIKAANS kan leer.  Dit bring ook hulle kreatiewe kant uit en maak die les mos nou baie meer interessant as net 'n gewone SIT STIL EN LUISTER LES.

My kuier in Graad 3D het myself weer soos 'n kind laat voel.  Ek het so lekker gelag vir al die kinders se kreatiewe antwoorde.

Ek sal beslis gou weer kom kuier.  Welgedaan Juffrou King!  Jou les en interaksie met die kinders is ongelooflik.

Groete
Mev. M Strydom










As jy wou…
*aangepas deur Joy Okwonkwo*



Kyk of jy,
As jy kan
vir my 'n tikkie son
vanoggend kan vang.

Probeer vir my,
as jy wil
tog 'n strepie maan
van sy ma afskil.

Steel vir my,
as jy mag
weer die fluister van reën
wat teen die venster speel.

En gee dan terug,
as jy wou
My woorde, My liefde,
My hart op jou mou.



Natuur
*deur Ayanda Masina*

Natuur is die pragtigste ding
Dit is vol lewe,
en liefde.
Natuur se prag lok baie mense
Ons bome,
en ons blomme
dit is baie mooi.

Die voëls en insekte vorm deel.
Wees lief vir jouself en die natuur.
Wees lief vir die natuur en
natuur sal lief wees vir jou.

Oh moeder natuur,
jy is baie mooi!

---



# Kletsblad Berigte

Waarom 'n Nelson Mandela my Superheld?
*deur Remofilwe Leepile*



Nelson Mandela is my Superheld want hy het Suid-Afrika goed gemaak en hy is bekend reg oor die wêreld. Nelson Mandela is my held want hy was 'n groot man wat baie kinders gelukkig gemaak het.

Nelson Mandela het die grootste invloed in my lewe gehad. Ek wens dat ek eendag in sy voetstappe kan stap. Ek sal graag eendag soos Nelson Mandela die president van Suid-Afrika wil wees. Ek sal graag goed wil doen en baie mense inspireer om goed te wil doen.

Nelson Mandela het altyd gesê: ""Die grootste prestasie in die lewe is nie wanneer jy val nie, maar wanneer jy opstaan wanneer jy geval het."( "The greatest glory in living is not in falling, but in rising every time we fall." )

Kom ons staan op wanneer ons val, en leer uit ons foute!



---

# Graad 6 uitstappie na die Krokkodil en Reptiel Plaas

*deur Thamsanqa Ndlovu*



Op 2 Mei het die Graad 6 leerders opgewonde op die skoolbus geklim. Ons was gereed vir 'n dag vol opwinding by die Krokkodil en Reptiel plaas in JHB. Ons was baie bang toe die eienaar van die plaas ons toelaat om aan die diere te vat. Ons kon aan baba krokkodille, slange en spinnekoppe vat.

Die beste gedeelte van die dag was toe ons oor die plaas kon "Zip-Line". Ons het oor die gevaarlike krokkodille gevlieg en aan die einde van die dag 'n sertifikaat vir ons prestasies gekry.

Baie dankie Juffrou Danel Esterhuysen en Mnr. Pardon Gowero dat julle hierdie uitstappie vir ons gereel het. Ons almal het dit vreeslik genie ten het vreeslik baie geleer.










---

# Boelies

*deur Ankonisaho Netshongolwe*



Boelies is bang vir ander mense.
Die rede is om aandag te kry.
Weet jy wat is 'n boelie se wense?
Dalk vir net eendag…'n Beter bui!




Ek haal my gunsteling gedig oor boelies na:

"Boelie die bullebak,
Is laer as 'n kakkerlak.
Op kleiner kinders pik hy,
En laat die maatjie ly.

Eintlik wil hy van grotes skuil
En heimlik oor sy swakheid huil.

Kom ons sê NEE vir BOELIES!!!

